Gauteng Onderwysdepartement
# Laerskool Elspark
Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2025-10-16

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN OKTOBER 2025

### WELKOM TERUG – MNR PRETORIUS

Graag verwelkom ons al ons ouers, kinders en personeel terug na 'n kort vakansie. Ons vertrou dat almal 'n heerlike ruskans gehad het.

Eksamens begin reeds oor 4 weke so ons vra dat leerlinge asb. pligsgetrou die skool sal bywoon.

Stertke vir 'n besige, kort kwartaal wat almal besig gaan hou!

### EKSAMEN – ME BRITZ

| ***EKSAMENROOSTER*** | | |
|---|---|---|
| ***DATUM*** | ***VAK*** | ***GR*** |
| Dinsdag, 11 November | Afrikaans | 4 - 7 |
| Woensdag, 12 November | Wiskunde 1 | 4 – 7 |
| Donderdag, 13 November | EBW | 7 |
| Vrydag, 14 November | Engels<br>KK | 4 - 7<br>7 |
| Maandag, 17 November | Wiskunde 2 | 4 – 7 |
| Dinsdag, 18 November | SW (Geskiedenis) | 4 - 7 |
| Woensdag, 19 November | NW en Teg<br>NW | 4 – 6<br>7 |
| Donderdag, 20 November | Tegnologie<br>LO<br>LV | 7<br>7<br>4 - 6 |
| Vrydag, 21 November | SW (Geografie) | 4 - 7 |

Die einde van die jaar is om die draai, leerlinge kan reeds begin om voor te berei vir die eksamen. Afbakenings sal volgende week beskikbaar wees. Graad 7 leerlinge skryf distrikvraestelle in alle vakke behalwe Afrikaans.

***10 Wenke om reg voor te berei:***

- Beplan jou studietyd.
- Sorteer jou leerspasie uit.
- Skryf terwyl jy leer.
- Oefen ou vraestelle.
- Verduidelik dit wat jy geleer het aan iemand anders.
- Eet gesond.
- Drink water.

## ALGEMENE JAARVERGADERING – MNR PRETORIUS

Ouditverslag 2024
Skoolverslag 2025
Begroting 2026

Alle ouers word hiermee kennis gegee en uitgenooi na die Jaarvergadering wat gehou sal word op 20 Oktober 2025 om 18:00. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, is die volgende datum, 3 November 2025 om 18:00.

Die volledige verslae sal vir hierdie vergadering beskikbaar gestel word 14 dae voor die tyd.

## SOSIALE MEDIA – ME BRITZ

Die afgelope paar weke het ons baie gevalle hanteer waar leerlinge op Whatsapp groepe betrokke is. Tydens hierdie gesprekke word onwelvoeglike taal en media gebruik. Die tyd wanneer hierdie gesprekke plaasvind is ook kommerwekkend.

Ons doen 'n beroep op ons ouers om asb. betrokke te wees by jou kind se selfoongebruik.

***Hier is 'n paar wenke*:**

- Monitor selfoongebruik.
- Skep tegnologie-vrye sones
- Beperk skermtyd.
- Skep geleenthede vir gesprekke met jou kind oor digitale veiligheid.
- Stel ouer kontroles op om skermtyd te bestuur. Gebruik iets soos "Microsoft Family Safety", "Google family link" of "Apple screen time". Daar is ook produkte soos "Qustudio", "Bark", "Mobicip", "Boomerang" of "Family Time".

## FONDSINSAMELING – ME J.V. RENSBURG

🎉 **FONDSINSAMELINGSAAND VOL AKSIE!** 🎉
📅 **Datum:** Woensdag, 23 Oktober
🕔 **Tyd:** 17:30 – 20:30
📍 **Laerskool Elspark**
🎯 **Doel:** Pret, sport & fondse vir ons skool!

🏉 **7's RUGBY TOERNOOI – OUERS NEEM DIE VELD OOR!**
Is jy gereed om jou flair op die veld te wys? Vorm 'n 7's rugbyspan saam met ander ouers en kom wys wat jy kan doen!

- **Inskrywingsfooi:** R350 per span (7 spelers – slegs R50 pp)
- **Slegs 20 spanne word toegelaat – bespreek vroeg!**
- Speelvorm: **Tag Rugby – 7 minute per kant**

🔸 **Spelreëls:**

- Wen = 4 punte
- Gelykop = 2 punte
- Verloor = 0 punte
- **Bonuspunt:** Kry meer as 10 tags in 'n wedstryd en verdien 'n ekstra punt!

🏆 **Wat wag op die wenners?**

- 'n **Spoggerige Elspark 7's Trofee**
- **Prys vir die bes aangetrekte span** – kom in tema, wees kreatief!
  Onderwysers sal as skeidsregters optree
  Noodhulp sal aan diens wees

**NETBAL AKSIE VIR OUERS!**
Span jou netbalmaats in en kom wys hoe dit gedoen word – met styl én spoed!

🔸 **Inskrywingsfooi:** R350 per span (7 spelers – slegs R50 pp)
🔸 **Beperk tot 20 spanne – moenie uitmis nie!**
🔸 Speelvorm: Rondtes soos spanne inskryf (mans, vrouens of gemengde spanne)
🔸 **Spelreëls:**

- Wen = 4 punte
- Gelykop = 2 punte
- Verloor = 0 punte
- **Bonuspunt:** Meer as 10 doele = 1 ekstra punt

🏆 **Wat wag op die netbalkampioene?**

- 'n **Elegante Netbaltrofee van Laerskool Elspark**
- **Bes aangetrekte span wen 'n spesiale prys** – wees oorspronklik en snaaks!
  Onderwysers is skeidsregters
  Noodhulp op die terrein

✨ **Bring die gesin, die gees, en die glimlagte!**
Kom ondersteun, speel saam of geniet die atmosfeer – daar sal kosstalletjies en hope pret wees vir almal!

👉 **Skryf jou span in voor 15 Oktober by Me Bianca J.v Rensburg (bianca@elsies.co.za)**
Kom wees deel van hierdie spesiale fondsinsameling – jou deelname maak 'n verskil!

## GHOLFDAG – ME LOURENS/ME MITTON/MNR PRETORIUS

Ons benodig pryse vir ons jaarlikse Gholdag, en wil vra of u dalk kontak kan maak met borge of self 'n skenking kan maak in die verband. Ons benodig pryse soos : gholfhempies, kepse, braaistelle, toebehore vir braai of kroeg, koelbokse, gholfballe, sonroom, glase, gholfsambrele, ens.

Indien u 'n amptelike borgbrief benodig kan u in verbinding tree met Me. Lourens (082 785 2953). Pryse/borge kan met Me. Lourens/Mnr Pretorius gereël word.

***<u>Gholfdag besonderhede:</u>***
Wanneer: Vrydag, 28 November

| | |
|---|---|
| Waar: | ERPM Gholfklub |
| Tipe: | "Betterball – Stableford" (4-bal) |
| Kostes: | R700 (per speler) of R2 800 (per 4-bal)<br>Kostes dek: 2 gholfkarretjies (4-bal), aandete en Pryse<br>Borg van 'n gaatjie: R1 000 |
| "Handicap": | Mans maksimum 18 / Dames maksimum 26 |

***UITERS BELANGRIK***

Bespreek betyds om teleurstelling te voorkom. Besprekings kan deur Me Lourens (082 785 2953) of Mnr Pretorius (hoof@lselspark.co.za) gemaak word.

## RUGBY 7'S & NETBAL FAST 5 – MNR BOTHA/ME S DU TOIT

Geagte ouers en Elspark gemeenskap, ons wil graag Vrydag 31 Oktober en Saterdag 1 November 2025 'n Rugby 7's en Netbal Fast 5 Toernooi aanbied by Laerskool Elspark. Ons beplan dat daar minstens 12 skole gaan deelneem aan hierdie toernooi. Ons vra asb. u hulp en ondersteuning met borge om van hierdie dag 'n reuse sukses te maak.

Indien u of u besigheid graag wil betrokke raak by hierdie geleentheid, sal u asb die volgende persone kontak:
George Botha (Rugby): george@elsies.co.za of 082 385 0212
Sanet Du Toit (Netbal): sanet@elsies.co.za of 083 993 4218

## ATLETIEK – ME NOVELLIE

Kwartaal 4 is 'n kort, vinnige, vol kwartaal. Ons doen 'n beroep op elke atleet om in die middae by hul oefeninge uit te kom vanaf 13:30 – 14:30.

Die atlete wat deelneem aan byeenkomste sal briefies ontvang.

| WANNEER | WAAR | WIE |
|---|---|---|
| Dinsdag, 21 Oktober | Germiston Stadion | L/S van Dykpark<br>L/S Brentwoodpark |
| Saterdag, 25 Oktober | Die President | Superreeks<br>* Net top 2 atlete in elke item |
| Dinsdag, 28 Oktober | L/S Rynfield | L/S Rynfield |

- Atlete moet sorg dat hul atletiekhemde het en 'n blou Vrydagbroek of swart ski-pants om in deel te neem.
- Baie atlete wat klere geleen het vroeër in die jaar het dit nog in hul besit, dit moet asb. terugbesorg word indien dit nie meer gebruik word nie.
- Ons versoek dat alle Gr 7 atlete wat die skool verlaat hul atletiekhemde sal skenk aan die skool asb.

## RUGBY – MNR BOTHA

Kwartaal 4 rugby skop reeds hierdie naweek af waar ons Elsie manne hulle staal gaan wys.

*Neem asb. kennis van die volgende belangrike datums:*

- Saterdag 18 Oktober
  Sentraal streek 7's rugby toernooi by Hoërskool Oosterlig (0/11, 0/12 en 0/13 spanne)

- Dinsdag 21 Oktober en Donderdag 23 Oktober
  0/8 Rugby toernooi by Laerskool Goudrand (slegs 0/8 span)
- Vrydag 31 Oktober en Saterdag 1 November
  7's Rugby toernooi by Laerskool Elspark (0/11, 0/12 en 0/13 spanne)
- Dinsdag 4 November en Donderdag 6 November
  0/8 Rugby toernooi by Laerskool Baanbreker (slegs 0/8 span)
- Vrydag 7 November en Saterdag 8 November
  7's rugby toernooi by Laerskool Van Riebeeckpark (0/11 en 0/12 spanne)
- Dinsdag 11 November en Donderdag 13 November
  0/8 Rugby toernooi by Laerskool Delville (slegs 0/8 span)

Die seuns moet asb. by die oefeninge uitkom, hierdie wedstryde is goeie voorbereiding vir volgende jaar se rugbyseisoen.

## KRIEKET – MNR KEYTER

Baie geluk met ons 1ste krieketspan wat uitstekend gevaar het tydens die groep wedstryde en onoorwonne uit die stryd getree het.

***Die 1ste span speel dus in die kwart finale van die krieket liga.***

Kwart finale: 27 Oktober 2025
Semi-finale: 29 Oktober 2025
Finale: 31 Oktober 2025

Baie sterkte aan hierdie seuns.

## MINI-NETBAL – ME T. GROBLER

Die 0/8A en 0/8B spanne van 2025 oefen Maandae en Woensdae vanaf 14:30 tot 15:00. Die dogters gaan deelneem aan 'n toernooi en het die nodige voorbereiding nodig.

'n Meer gedetailleerde brief sal aan die ouers deurgegee word sodra ons al die inligting ontvang het.

## NETBAL – ME DU TOIT

***Wedstryddatums***

| | | |
|---|---|---|
| 0/11 en 0/12 | 18 Oktober | Te HS Oosterlig **(Hoops)** |
| O/11-O/13 A en B | 31 Oktober en 1 November | te Laerskool Elspark **(Fast Five)** |

Toerproewe 3-13 November vir alle Gr.3-Gr.6 dogters wat belangstel.

## HOKKIE – ME BURGER

***Proewe te Woodlands***

22 Oktober 0/12 van 2026
23 Oktober 0/13 van 2026

Bring asb. jou R50 vir jou afrigter voor/op 20 Oktober.

## BOOGSKIET – ME JACOBS

15 November — Jaarafsluiting. Reserveer asb. solank die datum meer inligting sal binnekort volg.

## SKAAK – ME FANOE

***Toernooie:***
1 November te Prestasieskool **(Individuele toernooi)**
8 November te L/S van Dykpark – Nuwe kampus **(Individuele leerlinge wat nog nie 9 jaar oud is nie)**

## JNR KOOR – ME NELL

Geen verdere Juniorkoor oefening hierdie kwartaal nie. Juniorkoor oudisies vir 2026 vind plaas in die saal op 22 Oktober en 29 Oktober 2025 gedurende skooltyd.

## VRYDAGBROEKIE – ME GOODCHILD




## MNR EN MEJ ELSPARK – ME FOURIE

Finale is op 18 Oktober 2025. Neem asb. kennis dat die tye vir Mnr en Mej. Elspark verander het.

Die nuwe tye is as volg:
Afdeling 1 - 14:30 vir 15:00
Afdeling 2 – 17:30 vir 18:00

Die finaliste moet asseblief hul R50 voor Vrydag by Me. D. Fourie betaal.

## VOORTREKKERS – ME LAUBSCHER

Kom geniet 'n fliekaand saam met die Voortrekkers!

| | |
|---|---|
| Waar: | Die NG Kerk Saal (65 Kingfisherlaan) |
| Wanneer: | 31 Oktober |
| Tyd: | 18:00 vir 18:30 |
| Kostes: | R50 (sluit in ingang, koeldrank, "corn dog" en springmielies) |
| Fliek: | Die Gelofte Blyspel |

Bring 'n ekstra geldjie saam, daar gaan 'n snoepie beskikbaar wees.
Almal is Welkom om die fliek te kom geniet, dit is nie net vir Voortrekker lede nie. Bring 'n skool maatjie saam!

Elsiegroete

Z. Britz
Adjunkhoof